Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, April 30, 2023

Page: 16

# Geld is nie alles nie – wees net verstandig

## Skep 'n lewenstyl wat jy kan volhou al gebeur daar wat




Anita Lloyd van *Die real housewives van die Wynlande.*

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

My ooglede het sommer wild opgetrek toe ek verlede Sondag van Anita Lloyd van *Housewives*-faam se "*glamour puss*" lees.

Seg die *housewife* met glo 'n M-graad in linguistiek ewe op bladsy drie in *Rapport* ("*Housewife* sê *glamour puss* is nie lelik nie") dat as sy nie haar mond oopmaak en mense besef sy's 'n "hoër-intelligensie-wese" nie, mag hulle dalk dink sy's daai woord.

Ek kyk nou nie *Die real housewives van die Wynlande* nie, dis die opskrif in *Rapport* wat my oog gevang het.

Nooit sou ek kon dink dat 'n mens met sulke woordspeling 'n watsenaam as glansryk kon beskryf nie. Maar wat weet ek nou? Ek kyk nie eens TV nie.

Wat ek wel weet, is van geld. En dit is wat die vrou van die KWV-baas, Boyce, in die berig daaroor te sê had, wat my laat frons het.

"Ons dien almal die geldgod, Mammon," lees ek die aanhaling van hierdie "hoër-intelligensie-wese" in die berig. "As ek nie geld sou hê nie, sou ek van 'n gebou afspring."

Dit laat my dink aan die dae toe my baard nog swart was. Daar op die klein dorpies het ons mos gereeld gehoor van mevrou Dominee of mevrou Dokter. Ensovoorts. Ewe windgat oor manlief se titel.

Baie ook oor manlief se geld. Van hulle lees ons vandag nog. Veral die op TV se *glamour shows*.

Maar dis nie my eintlike punt vandag nie, ek's nie 'n resensent nie.

My punt is dat geld nie so belangrik is nie en nie so belangrik moet raak dat 'n mens dreig om van 'n gebou af te spring as jy dit nie het nie. En nie almal van ons dien vir Mammon nie. Dis louter snert.

Onder lesers van hierdie rubriek tel baie wat nie geld het om rond te gooi nie. Ek weet dit, want hulle skryf aan my. Bel my. Baie van hulle is mense wat hard werk en hul sente tel om die pot aan die kook te hou.

Maar hulle kry dit steeds reg om te spaar. En so maak hulle seker dat hulle nie finansieel afhanklik gaan raak van enigeen nie.

Ek het al mense gekry wat my nader om finansiële advies en dan half skaam is oor hulle "nou nie juis geld het wat dit vir mense soos ek die moeite werd sal maak nie".

Nee, kry jou kop reg.

Mense soos ek wat in hul beroep belangstel meer as die geld wat daaruit gemaak kan word, stel nie net belang in mense met baie geld nie. Mense soos ek wil diegene help wat ernstig is oor hul geld. Baie of min. Dit is die vereiste.

Ons moet almal binne ons vermoëns leef. Dis al wat jy moet doen. En dan getrou spaar, sodat jy in jou later jare so kan bly leef. En nie toelaat dat die uitspattigheid van verspotte onwerklike TV-programme jou van stryk af bring, of minderwaardig laat voel nie.

### Doen beste wat jy kan met wat jy het

Dit het ek my kinders geleer. Dit leer ek my kleinkinders.

Kla nooit. Dan sal jy ook nie mismoedig raak nie. En die dakke van geboue sal vir jou 'n plek wees vanwaar jy die son kan sien opkom. Of waaronder jy kan skuil as dit reën.

Tot hiertoe die filosofiese konteks waarbinne ek 'n paar verdere gedagtes wil laat.

Ek het hierbo kortliks gewys op die nodigheid van spaar. Onderskeidelik twee en drie Sondae gelede het ek hier ook riglyne gegee onder meer oor hoe om 'n begroting op te stel, sodat jy sal weet hoeveel jy kan en moet wegsit om vir jouself welvaart te skep.

Welvaart skep gaan nie oor ryk word nie. Dit gaan daaroor dat jy en jou gesin jul lewenstyl sal kan volhou al gebeur wat.

### En dit is waar jou noodfonds inkom

Sommiges meen 'n noodfonds is geld in die bank, sou jy skielik geld nodig hê vir dit of dat, vakansies ingesluit. Nee, dit is nie.

Vakansies moet in elk geval gefinansier kan word uit inkomste, nie uit jou kapitaal nie. As dit nie anders kan nie, hou vakansie by die huis, dit kan ook lekker wees.

Nee, jou noodfonds moet geld beskikbaar stel vir nood. Die huis se dak waai af, wat dan?

Jy kry 'n gevreesde siekte soos kanker, of jy raak ongeskik. Wat dan? Dit gaan geld kos.

Dis sommer kortliks voorbeelde. Maar daar moet geld voor wees. En dit is hoekom jy moet wyer kyk as 'n paar rand in die bank as jou noodfonds.

Dit help nie jy sit met miljoene rande se bates alles in byvoorbeeld 'n plaas en jy het nie toegang tot kontant as die nood druk nie.

Of al jou geld in 'n uittree-annuïteit omdat jy belasting wou bespaar, maar jy kan nie daarby uitkom nie.

Vra vir jouself die "wat as . . ."-vrae. Doen dit liewer met 'n kundige raadgewer.

Jou geld op belegging, of minstens 'n deel daarvan, moet beskikbaar wees, sou werklike nood jou tref.

Versekering kan help in nood, dis goedkoop en is van dag een af daar, jy hoef nie eers te spaar daarvoor nie.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

## Vereistes: installering van sonpanele

**Nog raad**

Hieronder is die algemene vereistes vir die installering van sonpanele as jy van die belastingkorting gebruik wil maak wat in die pas afgelope begroting bekend gemaak is.

Dit is 'n belastingkorting, nie 'n belastingaftrekking nie.

■ Slegs nuwe en ongebruikte sonpanele kwalifiseer. Dit is om te verseker dat die verskaffing van krag addisioneel is tot wat reeds beskikbaar is. Die panele kan deel van 'n nuwe installasie wees, of bygevoeg word tot 'n bestaande een.

■ Slegs sonpanele met 'n minimum uitset-vermoë van 275 W per paneel kwalifiseer vir die korting. Die ander komponente, soos batterye asook die installasiekoste, kwalifiseer nie. Draagbare panele ook nie.

■ Die sonpanele moet geïnstalleer word by wonings wat hoofsaaklik bewoon word deur individue en waar dit vir huishoudelike gebruik is. Bewys van nakoming aan die Elektriese Installasieregulasies van 2009 moet verskaf word.

■ Om die korting te eis moet jy 'n BTW-faktuur verskaf vir die koste van die sonpanele, uitgesluit enige ander items, sowel as bewys van betaling.

■ Voorlopige belastingbetalers sal die korting kan eis teen sowel hul voorlopige belasting as finale belastingbetalings.

Die verwagting is dat dié belastingaansporing in wetgewing vervat sal word nie later nie as die publikasiedatum van die 2023-belasting-konsepwysigingswet.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.